**Getuienis: Sondag 28 Augustus 2022 (Die Bybel as padkaart)**

Goeiemôre en hartlik welkom.

Vanoggend gaan ons weer iets buite die boks probeer. Ek gaan nie alleen die getuienis doen nie, maar ek gaan dit saam met Ds. Ben Fourie van die Bybelgenootskap doen**. So daar is 2 dominees, die een is 30, die een is 70.** Die een begin sy loopbaan, die een eindig sy loopbaan. Die een het baie hare, die een het minder hare. Die **een is mal oor gewere, die ander een weet nie watter oog om toe te knyp wanneer hy skiet nie...**

Tog alhoewel ons verskil, het ons **hierdie gedeelde liefde vir die Here**. En het ons hierdie behoefte om die Bybel **beter te leer ken en verstaan**. En daarom het ons saamgekom vanoggend om vir julle iets op die tafel te plaas. Iets wat julle hopelik in die komende week kan help en inspireer.

Ons lees vanoggend **Psalm 119:1-10**, maar ek en Ds. Fourie lees vers vir vers vanuit 2 verskillende vertalings. Die jong dominee lees vanuit die hardeband Bybel en die ou Dominee lees vanaf die selfoon. Ons lees vers vir vers vanuit die 2 verskillende vertalings.

- ✓ **Ds. Toit: 2020 vertaling**

1-Gelukkig is mense wie se lewenspad onberispelik is en wat die wet van die Here volg!
2-Gelukkig is hulle wat hou by sy bepalings, wat Hom met hulle hele hart soek;
3-wat ook nie onreg pleeg nie, maar net sy paaie volg!
4-U het self u opdragte gegee, sodat mense dit noukeurig sal nakom.
5-Ag, was my lewenspaaie maar standvastig, sodat ek u voorskrifte kon nakom.
6-Dan sal ek nie beskaamd staan, terwyl ek op al u bevele let nie.
7-Ek prys U met 'n opregte hart terwyl ek u regverdige beslissings bestudeer.
8-U voorskrifte sal ek nakom; moet my tog nooit in die steek laat nie.
9-Hoe sal 'n jongmens sy lewenspad suiwer hou? Deur te hou by u woord.
10- Met my hele hart soek ek U; laat my tog nie afdwaal van u bevele nie.

- ✓ **Ds. Ben: Die Bybel vir Almal**

1- Dit gaan goed met die mense wat heeltemal reg lewe, die mense wat lewe soos die Here vir hulle geleer het.
2- Dit gaan goed met mense wat doen wat die Here sê en wat met hulle hele hart naby Hom wil wees.
3- Hulle is ook mense wat nie verkeerde dinge doen nie en wat lewe soos die Here wil hê.
4- U het self vir ons gesê wat ons moet doen, en ons moet dit presies so doen.
5- Ek bid dat ek sal aanhou om te lewe soos u wette sê.
6- Wanneer ek gehoorsaam is aan al u gebooie, dan sal ek altyd weet wat om te doen.
7- Wat U besluit, is altyd reg. Wanneer ek dit geleer het, dan sal ek vir U dankie sê met my hele hart.
8- Ek sal doen wat u wette sê, U moet my nie heeltemal alleen los nie.
9- Wat moet jongmense doen sodat hulle kan weet hoe hulle moet lewe? Hulle moet doen wat U sê.
10- Ek wil naby U wees met my hele hart, U moet keer dat ek nie ongehoorsaam is aan u gebooie nie.

Psalm 119 is ‘n geskrewe wonderwerk. Hoe **meer ek dit lees, hoe meer is ek in totale** verwondering vir hoe dit tot stand gekom het. Ek wil graag kortliks met julle ‘n paar goed deel.

Psalm 119 is moontlik geskryf as **slot vir hele Psalmboek** (Daar was toe nog nie 150 Psalms nie). Dit sou dan ook vir ons kon verduidelik hoekom Psalm 1 (inleiding) en Psalm 119 (Slot) so nou in verbintenis met mekaar is. **Psalm 119 stel Psalm 1 in die oortreffende trap**. Ek wil jou uitnooi om gedurende die week bietjie daarna tye kyk en dit te lees.

Die Psalm 119 staan bekend as **een van die wysheid Psalms.** Dit handel oor die wet en die voordeel wat spruit vir gelowiges. Dit gaan oor die waarde **wat God se woord tot my en jou lewe kan byvoeg**.

Maar wat hierdie Psalm werklik uniek (soos geen ander) maak nie, is hoe dit **aanmekaargesit** word. Die eerste ding wat die Psalm skrywer gebruik is die letter 8**. Nou hoekom 8? Want 7 is mos die heilige getal. Wel 8 is gesien as die voltooiing, afronding van die getal 7.** Dit is die pragtige 7 plus nog 1...

Geskryf in die vorm van 'n "agtvoudige akrostigon". Ek weet, Groot woord, maar ek sal dit nou verduidelik.

- Ek wil eers by julle (**die gemeente) hoor,** hoeveel letter is daar in ons Romeinse/Latynse alfabet? Kom ons tel hou, A=1, B=2, C=3......

Antwoord: 26 letters

- En nou, wil ek ook by julle hoor hoeveel letters hoeveel letters is daar in die **Hebreeuse alfabet?**

Ek neem aan die gemeente weet nie. Ds. Ben Fourie kan jy dalk help?

Antwoord: 22 letters.

Die Psalmskrywer gebruik hierdie ekstra spesiale getal (8) asook die 22 letters van die alfabet te vertel wie God is. Elke 8 letters gebruik dieselfde letter van die alfabet om die versreël mee te begin.

- En wat is 8x22?

Antwoord: 176- Presies dieselfde getal verse as wat Psalm 119 het.

So in Hebreeus begin die eerste 8 verse met die letter Alef... En dan die volgende 8 verse met die letter Beit en dan die 8 verse daarna met die letter Gimmel.....

Ons sal dit nie so maklik in ons Afrikaanse Bybels raaklees nie, maar dit is die ekwivalent van ek wat vir julle wil neerskryf wie God is en dit dan doen as volg:

1. Aan U God is my lewe gewei
2. Aansteeklik is U liefde vir die mensdom
3. Appels aan bome vergelyk nie met die vrug van U in my lewe nie
4. Anoniem is ek nie vir U nie, U ken my naam.
5. Alles wat ek Het en wat ek is, behoort aan U
6. Agter U skuil daar geen boosheid nie
7. Alomteenwoordig is U vandag en ook morê
8. Avontuur na Avontuur is U by my

Dit is maar net 8 verse, dan moet dit verder gaan, met die volgende letter, die B...

Ds. Ben, gaan jy vir ons help?

1-8 (metafore vir God wat met die letter B begin). Maar hierdie is nie soos in Hebreeus aan die begin van die sin nie.

1. In die **begin** het God die hemel en die aarde geskep
2. Die Here **blaas** die lewensasem in die mens se neus
3. Ek is die **brood** wat lewe gee
4. **Barmhartig** en genadig is die Here
5. Hy **bevry** ons van die verganklikheid
6. Hy doen wat hy **beloof** het
7. Die Seun is die **beeld** van God
8. In elke moeilikheid **bemoedig** Hy ons

Hierdie Psalm skrywer, gaan uit sy pad uit om vir ons te wys hoe belangrik en hoe kosbaar God se woord is.

Ons gesels vanoggend oor die Bybel as padkaart, maar die **einste Psalm 119, is eintlik ook 'n kaart wat vir ons wil wys wie God is**... Maar so van kaarte gesels, **Ds. Ben en wonder, ek is nou maar nog net 13 maande in die stad en ek wonder, as ek en Odette nou na kerk** vir ons by Something Good in Summerstrand/Humewood 'n roomys wil koop, wat is die beste pad om daar uit te kom?

> Ds. Ben: Daar is verskeie roetes, jy kan circular drive vat tot in Buffelsfontein, jy kan Kaapweg vat, jy kan die N2 vat, maar op die ou end, is die vinnigste pad, die pad wat jy ken. (Brei uit oor eenvoudige Padkaart- kry eenvoudige, en uitsonderlike. Die Bybel met sy genres- is soos 'n goeie padkaart, maar tog het hierdie padkaart een doel)..

Ek hoor wat Ds. Ben verduidelik, maar ek sukkel dikwels daarmee, want ek dink altyd aan die gedagte wat sê, **'n Kaart help niks as jy nie eers weet waar jy is nie.** Ek sal dikwels kyk en kyk, maar sonder dat ek weet waar ek is, help die kaart my net mooi niks. So dink ek in die lewe, is dit belangrik om eers uit te **vind, wie is ek en waar is ek nou!**

Ons lewe in 'n samelewing wat konstant besig is om te verander en waar ons keuses moet maak wat **vêrreikende gevolge gaan/kan hê vir die toekoms**. Ons is op soek na waarheid, na wysheid. En ek glo dat wanneer ons die antwoord kan bied oor **wie ons is en waar ons is**, dan kan ons verder voortgaan om die Bybels oop te maak en te lees vir wysheid.

So het ons vanoggend uit Psalm 119 vers 1 gelees:

- V1- Dit gaan goed met die wat **onberispelik lewe,** die wat **wandel** volgens die woord van die Here. (1983 vertaling)

- v1-Gelukkig is mense wie se lewenspad onberispelik is en wat die wet van die Here volg! (2020 vertaling)

- v1- Dit gaan goed met die mense wat heeltemal reg lewe, die mense wat lewe soos die Here vir hulle geleer het. (Die Bybel vir almal)

Ek wonder, Ds. Ben, hoe lyk hierdie onberispelike/ om heeltemal reg te lewe en hoe wandel mens volgens die woord?)

> Ds. Ben Antwoord: By sy GPS hoor hy dikwels daardie stem wat vir hom sê Herberekening/ recalculating? Die Bybel doen dit ook dikwels. Dit lei jou m te besef dat dit wat jy nou doen, is nie reg nie

Die geheim is ook om te lewe **vanuit die woord** en nie net **om te gaan na die woord. Dit is eers woord dan lewe.**

En ons lees ook vêrder in die teks in vers 5:

- V5- As ek tog maar net op **'n vaste koers kan bly** en my aan u voorskrifte kan hou! (1983-vertalig)

- V 5- Ag, was my lewenspaaie maar standvastig, sodat ek u voorskrifte kon nakom. (2020 vertaling)

- V 5- Ek bid dat ek sal aanhou om te lewe soos u wette sê. (Die Bybel vir almal vertaling)

Ek wonder, DS. Ben hoe kry mens dit reg dat hierdie Boek, die Bybel, **juis die padkaart vir jou lewe word?** Hoe word ons nie so vasgevang dat ons van ander kaarte gebruik maak nie?

> Ds. Ben vertel van die Bybel wat hy as klein kind (byna 65 jaar gelede ontvang het. Hy het die Bybel nog vandag en wys dit vir die gemeente. Tog gaan dit nie oor die Bybel nie, maar die God wat hy in die Bybel ontmoet het. Sy ervaring is dat mens die Bybel nie alleen moet lees nie. Mense se verhale van die paaie wat hulle al gestap het, help my eie verhaal. Dit help dat ek nie verkeerde afdraai roete vat nie en dat ek ook besef ek loop nie alleen nie.

God se wil is nie 'n **episode (somtyds nie), maar liewer 'n padkaart (heeltyd)**. Dit is nie net wanneer ek groot keuses moet **maak in die lewe nie. Dit is elke keuse en hoe meer ek die padkaart volg, hoe makliker word die pad en naderhand word** dit die beste pad, want dit is die pad wat ek ken. Soos wat ek dikwels nou al in die stad ry, sonder om 'n kaart te gebruik.

Ek dink ook Psalm 119 gee vir ons die antwoord deurdat **Vers 1: Begin by God (soos ons elkeen se lewe begin by God), dan in vers 5 Trek die Psalm skrywer** dit na homself toe en in vers 7- trek die skrywer dit na 'n gebed toe… Ek dink die Bybel as padkaart gaan slegs sin maak wanneer jou lewe begin by God en God jou help oor wie jy is en waar jy is en jy dan in **reaksie biddend leef en biddend lees.**

Seënbede

**Die Here is voor jou om die pad gelyk te maak.**
**Die Here is langs jou**
**om jou in sy arms toe te vou.**
**Die Here is agter jou**
**om die aanvalle van die Bose af te slaan.**
**Die Here is onder jou om jou te dra as jy sou val.**
**Die Here is rondom jou om jou te beskerm.**
**Die Here is bokant jou om jou te seën.**
**Die Here is in jou om jou te lei met sy**
**Heilige Gees.**
**Die drie-enige God is by jou van nou af**
**tot in ewigheid. Amen. ('n Ou Ierse seën)**